**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr.: 2377/2003

In die hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**DUMISANE MOKOKA**

---

| | |
|---|---|
| **CORAM:** | **LOMBARD et WRIGHT, RR** |
| **UITSPRAAK DEUR:** | **WRIGHT, R** |
| **GELEWER OP:** | **26 FEBRUARIE 2004** |

---

Die beskuldigde, 'n 25-jarige man, is skuldig bevind aan die oortreding van artikel 4(b) van Wet 140 van 1992, naamlik die besit van 74,7 kilogram dagga. Hy is beboet met R3 000,00 of 18 maande gevangenisstraf en is daar seker verbeurdverklaringsbevele gemaak.

Die saak is na die Direkteur van Openbare Vervolgings verwys vir 'n mening met betrekking tot die skuldigbevinding, vonnis en verbeurdverklaring van die voertuie. Die Direkteur van Openbare Vervolgings het egter slegs kommentaar gelewer op die

skuldigbevinding, en 'n afskrif van sy aanbeveling met betrekking daartoe word hierby aangeheg. Die betrokke personeellid, adv. Botha, word bedank vir sy memorandum wat in dié verband aan die Hof gestuur is.

Ek stem saam met die motivering wat daarin gemeld word en dat die skuldigbevinding tersyde gestel moet word. In die lig van die feit dat die beskuldigde slegs aan besit van dagga, dit wil sê oortreding van artikel 4(b) van Wet 140 van 1992, skuldig bevind is en die alternatiewe gevangenisstraf wat daarvoor opgelê is heel moontlik in die lig van die omstandighede in elk geval te swaar is, en veral die feit dat die beskuldigde reeds vanaf 27 September 2003 in hegtenis is (dit wil sê amper 5 maande) meen ek dat dit nie gepas sal wees om die saak vir herverhoor te verwys soos deur adv. Botha voorgestel nie.

In die lig van al die omstandighede van die saak word die volgende bevel dan gemaak:

> **Die skuldigbevinding, vonnis en verbeurdverklaringsbevele wat in hierdie saak gemaak is word tersyde gestel.**

______________________

**G.F. WRIGHT, R**

**EK STEM SAAM**

**D.J. LOMBARD, R**

/scd